

NG Murray Aanlyn Erediens

Sondag 12 Julie 2020

Goeie môre gemeente

Dis soos altyd vir my 'n voorreg om met julle te kan gesels, en waar ons lekker koue weer het hierdie naweek, hoop ek julle kan elkeen lekker warm by die huis wees.

Louis het laasweek met ons gesels oor die vaderskap van God, en wat dit beteken om 'n verhouding met God te kan hê. Hy het verder ook gekyk na die manier hoe die Jode na God gekyk het, en die nuwe verhouding wat Jesus kom instel het met God as vader. Ek wil hierdie week sommer daar aansluit en vra:

1. *Hoe lyk jou prentjie van God as Vader, asook*
2. *Waar het jy in hierdie week vir God gesien werk?*

Julle kan hierdie vrae met mekaar bespreek, en ook nou hierdie tyd gebruik om saam te dink oor kollekte, en dan kan iemand in die gesin of groep vir julle met 'n gebed open.

/

Wanneer die Bybel oor God as Vader praat, dan is dit 'n metafoor. God is nie beperk tot goed soos manlik of vroulik nie, Hy is baie groter as dit. En so is die Bybel vol metafore. Metafore wat ons as mense help om vir God beter te kan verstaan, en ons verhouding met God ook beter te kan verstaan. Jesus was self ook lief vir metafore of gelykenisse wanneer Hy mense geleer het, en ons gaan vandag ook na een van hierdie kyk. Julle kan saam met my blaai na Matteus 13, en ons gaan daar verse 1-23 lees. Dis 'n baie bekende gelykenis, die gelykenis van die saaiër.

Iemand in julle gesin kan dit vir julle voorlees, en voordat julle dan verder gaan, wil ek hê julle meot eers hierdie teks bespreek, en vir mekaar sê: Wat staan vir jou hierin uit, of wat hoor jy sê God vir jou deur hierdie teks?

Vir die kinders, teken 'n prentjie van koring, en dan teken julle al die redes hoekom julle dink koring nie lekker sal kan groei nie?

/

So ek gaan vandag begin met verse 10-17, en dis die vraag wat die dissipels vir Jesus vra: Hoekom praat Hy in gelykenisse? Hoekom praat hy nie net reguit met mense nie? Baie mense lees hierdie antwoord van Jesus dan, en veral die geeelte wat sê: Wie baie het sal meer kry, en wie min het, sal selfs die bietjie wat hulle het ook verloor. En ons is dan baie geneig om te dink: "Ai shame, die rykes word ryker en die armes word nog armer...", maar Jesus is nie besig om hier oor geld te praat nie. Nee, Hy is besig om te praat oor die verstaan en die verhouding met God. So wat Hy hier sê, en dis 'n voorbou op hoofstuk 12 waar daar gepraat word oor die broers en moeder van Jesus, en nog verder voor dit waar die Jode trots is daarop dat hulle kinders van Abraham is. Jesus sê hier: Die wat dink hulle weet baie, hulle sal selfs nog minder verstaan omdat hulle nie bereid is om te luister nie, en die wat oop is om meer te leer oor die Vader, hulle sal selfs nog dieper in hulle verhouding met die Vader groei.

So met hierdie verstaan as agtergrond, lees ons dan die gelykenis. En ons begin by verse 1-9, wat dan die gelykenis self is. Jesus praat oor 'n saaiër wat op 4 plekke saai, 4 tipes grond, en elkeen met 'n ander resultaat. Nou wanneer ons hierdie lees, dan moet ons onself vra: Waar pas ek in? Wie is ek in hierdie storie? My eerste gedagte toe ek dit self gelees het, was om te dink: Miskien is ek die saaiër? Miskien is ek die een wat die woord versprei? Maar ek het redelik gou besef dat dit eintlik

bietjie hoogmoedig is van my om so daaroor te dink. Dis eerder God self wat die saaiër is, wat die Woord versprei. Ja, Hy werk soms deur ons, maar Hy is self die een wat die saaiwerk doen.

So ons moet eerder vra: Watter een van hierdie tipes grond is ek? En ons is baie vinnig om te dink: Maar daai tipe grond waarvan Jesus praat, ek ken so iemand! Daai harde grond wat verwys na iemand wat heeltyd die woord hoor en nooit regtig tot bekering kom nie, ek ken hom! Dis daai oom Kallie, of tant Sarie, of my neef of wie ook al. Dis iemand wat baie keer al die Evangelie gehoor het, maar net nooit tot geloof kom nie. Of dalk sal hulle selfs sê hulle glo, maar eintlik weet ons die Evangelie is nog nie in hulle hart nie, en daar is niks in hulle lewe wat verander nie.

Of ons kan sê ons ken daai iemand wat aan die begin so vinnig gegroei het in die Here, maar die oomblik toe dinge moeilik word, toe val hulle net weer terug. En aan die begin kon ons sien dat hulle ophou rook of drink of sleg praat van ander mense, maar die oomblik toe die groepsdruk weer kom, toe gaan hulle net weer terug na hulle ou vriende en ou gewoontes toe. Dis maklik om te sê ons ken daai mense, ons weet wie hulle is.

En dan is daar die saad wat tussen die onkruid geval het, en dalk is dit hier nog nader aan die huis. Want aan die een kant is dit die mense wie se lewe heeltyd gaan oor geld, en alles wat hulle doen gaan net oor om ryker te word. Of dan die mense wat nooit ophou stres nie, wat heeltyd besig is om te kla oor wat met die land of die politiek aangaan, wat heeltyd stres oor werk of oor hulle heinings. Mens kan dit selfs ook deur trek na jou geloof toe, en die heeltyd besig wees met die vraag of ons genoeg doen om OK te wees met die Here. Die heeltyd gaan dit oor verskillende vlakke van bekommernis, en dit gaan op die ou einde nie oor wat die Heilige Gees sê nie. En dit beteken nie dat ons nie mag stres soms as dit moeilik gaan, of nie die goeie in die dinge mag geniet nie, maar daar is tog mense vir wie dit die grootste boodskap word, en dan mis hulle die Waarheid. En ons kan sê: Ek ken daai mense!

/

Ek wil ons eintlik uitdaag, want hoewel ons almal kan sê ons is daai mense, moet ons dalk eerder stilstaan by die vraag: Is ek nie dalk een van daai mense nie? Want venselfsprekend wil elkeen van ons graag die vierde tipe grond wees, wat baie groei en vrug dra en vermeerder, maar die realiteit is dat ons nie altyd daai mense is nie. Ek dink hierdie gelykenis praat nie oor vier tipes mense wat, soos die ou mense sou sê, so gemaak en so laat staan is nie. Nee, ek dink eerder ons moet dink aan mense wat soms een ding is, en soms 'n ander een.

Dis vir my so uitdagend om te dink dat ek self moet erken daar is tye wat die stres my oorneem, en ek planne probeer maak om seker te maak ek is OK. Of daar is tye wat my huis vir my net te gemaklik raak, en ek kom nie uit by die goed wat ek eintlik moet doen nie. Net so is daar tye wat ek weet die Here is besig om met my te praat, dalk om iets van my te vra, maar ek wil dit nie hoor nie! Selfs al weet ek dit wat die Here vra is eintlik wat vir my die beste is, is ek soms net nie lus om daarna te luister nie, want my eie hart is te hard, en ek is nie lus om te verander nie. Dan word ek soos die eerste tipe grond. Of daar is tye, soos die tweede tipe grond, waar dit net te moeilik is om 'n Christen te wees. Tussen sekere vriende of familie, en dan skuif ons ons Christen kant opsy en ons word eerder soos wat almal van ons verwag.

/

Of dalk kan ons nog verder gaan en dink daaroor dat daar eintlik verskillende aspekte van ons lewe is wat soos die vier tipes grond is. Die kans is goed dat enige van ons dalk op enige tydstip eintlik besig is om al vier tipes grond te wees. Want os sê miskien: In terme van my tiendes, daar is ek baie goed

om te saai en vir die armes te gee, maar in terme van my huwelik gaan ek eerder goed doen soos ek dit wil doen. Of jy sê: Ek is baie lief vir my vrou, en ek eer haar soos die Bybel my leer, maar as dit kom by my werk, dan doen ek dit dalk nie presies volgens die reëls nie. Miskien is daar kontant wat in kom, wat ek nie deur die boeke sit nie. Of dalk praat ek met my mense op 'n manier wat Jesus nie sou nie.

En so kan mens aangaan. Elke fasset van jou lewe moet mens toets. Veral as ons praat oor die onkruid, dan moet ons onself afvra of ons nie dalk hieraan skuldig is nie. As Jesus hier praat oor die bekommernisse van die lewe, dan gebruik Hy dieselfde woorde as wat Paulus later in die Bybel gebruik wanneer hy sê: Iemand wat trou, doen nie verkeerd nie, maar hulle hou hulleself besig met die bekommernisse van die wêreld, naamlik om hulle man of vrou gelukkig te hou. In Matteus 6 verwys Jesus weer na die bekommernisse as die basiese goed: Wat gaan ek eet, drink of aantrek?

En dan praat die verleidelikheid van die wêreld van die goed in die lewe wat vir ons lekker lyk. Meer geld kan vir ons aan die een kant 'n sin van mag of waardigheid gee, want ons laat neerkyk op die ou langs ons, of aan die ander kant kan dit ons te gemaklik maak. 'n Groter TV, huis, meer kanale, Netflix, Showmax... Niks van daai goed is verkeerd nie, maar dit kan op die ou einde so baie van ons tyd steel, dat ons nie meer doen wat ons eintlik behoort te doen nie, of nie is wie ons eintlik behoort te wees nie.

/

Maar dan is daar ook die vierde tipe grond! Grond wat vrug dra, grond wat die oes vermeerder. En as ons praat oor die vermeerdering, dan kom ons rol ook as mede-saaiers hier in, as mense wat saam met God die Woord versprei. God se doel en wens vir ons is dat ons mense word wat Sy vrug dra, dat ons al hoe meer soos mense lyk wat vir Jesus ken, dat ons eintlik al hoe meer soos Jesus self sal lyk, want dis die volheid van die lewe! Dis wat vir ons goed is, en dis wat God vir ons wil hê. En verder wil God ook hê dat ons ander moet nooi om ook meer soos Jesus te word.

Die realiteit is dat dit ons soms bang maak, want ons weet dat mense dit dalk nie gaan wil hoor nie. Mense gaan dalk dink ons is weird, of ons hou ons heilig, of hulle wil net nie hoor oor Jesus nie, en hulle verstoot ons of hou ons op 'n afstand. Dit maak dan dat ons wil vra: Wat is die punt? Hoekom probeer ons dan? Want enigeen wat iets weet van boer, sal nie tevrede wees met 'n 25% oes nie. Nee, mens mik mos vir baie meer! Ons wil hê soveel as moontlik van wat ons saai moet opkom, en as ons dink daaraan om die Goeie Nuus te deel met mense, dan wil ons dit dieselfde doen.

Maar met die Evangelie werk dit nie so nie. Ons kan dit nie net deel met die mense wat ons weet dit wil hoor nie. Want dis nie hoe God werk nie! God het gesterf vir alle mense, en Hy het geweet daar gaan mense wat dit nie wil hoor nie. In teendeel, Hy het geweet daar gaan mense wees wat Sy kerk, ons as Christene, sal wil doodmaak, en Hy het nog steeds gesê: Ek gaan vir hulle ook sterf, want dis wat Liefde doen. En as ons soos Hy wil wees, dan beteken dit ons doen wat Hy sou doen, en ons bring die Goeie Nuus, selfs as ons weet mense gaan dit dalk nie wil hoor of aanvaar nie.

/

Hoe lyk dit vir ons as mense? Dit beteken jy gaan dalk met daai buurman moet praat, daai ou wat hom eintlik nie wil steur aan Christen wees nie. Of dalk gaan jy met jou man of vrou moet praat en hulle moet aanspreek en sê: Die manier hoe jy goed doen is nie OK nie. Die manier hoe jy jou besigheid doen, of hoe jy met jou mense praat, of die manier hoe jy en jou vriendinne oor ander praat, dit sal moet stop. Dis nie in lyn met wat Christus wil hê nie.

Dalk sal dit beteken dat jy met jou kinders moet praat, en ek weet dit is vir enige ouer moeilik om met hulle kinders hard te praat, want jy wil eerder liefde wys, maar jy kan nie liefhê sonder om soms goed reg te stel nie. Of jy as kind gaan dalk met jou ouers moet praat en vir hulle moet sê: Dit wat julle mee besig is, is nie eintlik goed nie. Julle is besig om 'n slegte voorbeeld te stel, julle doen nie wat julle self vir ons leer ons moet doen nie.

So kan mens aangaan. Jy moet dalk jou werknemers of jou werkgewer moet aanspreek. Jy moet dalk vir jou eie baas sê: Jy doen nie jou besigheid reg nie. Die manier hoe jy met jou mense praat, hoe min jy hulle betaal, hoe jy jou boeke doen, dis nie in lyn met die geloof wat jy sê jy het nie.

En niks van hierdie goed is maklik nie, maar dit is wel die Koninkryk van God waarvoor ons praat, en God self het die droom dat elkeen van ons en die mense om ons, grond sal wees wat vrug dra!

Gelukkig is God die saaiër, en ook die een wat laat groei, soos Paulus sê. Hy is die een wat harder werk aan die Evangelie as enige van ons, en Hy is die een wat wonderlike stories voortbring! In die week hoor ek die storie van 'n gangster wat verskeie kere die Evangelie by 'n vriend gehoor het, maar elke keer net geweier het om daarna te luister. Want hy het gesê: Die lewe wat ek nou het, is die een wat ek ken en waarvan ek hou. Ek hou daarvan dat as ek met 'n geweer in die straat afloop, mense vir my bang is. Ek hou daarvan dat ek goed kan doen en nie hoef te worry wat ander mense daarvan dink nie, ek doen waarvoor ek lus is. Ek hou daarvan om te kan doen wat ek wil, wanneer ek wil, sonder gevolge. Dis lekker!

Maar op 'n dag breek die Evangelie tog deur, en Hy verander sy lewe heeltemal. En dit gee my hoop! Vir my en jou, en jou buurman of jou vriend of vriendin en kind of ouer of verlangse kennis! Maak nie saak hoe hard die hart van die een is wat nie wil luister nie, God kan deurbreek, selfs deur die hardste grond!

/

So mag ek en jy nie mismoedig word nie. Mag ons aanhou om te groei, en te probeer seker maak dat ons naastes ook nader aan die Here kom. Mag ons eendag in die Hemel kom en hoor dat die Here vir ons elkeen sê: Jy was 'n goeie en getroue dienskneg! Kom in, en vier saam met Ons fees!

Dis my gebed vir ons elkeen

So julle kan afsluit met die vrae:

1. Waar sien jy jouself? Watter tipe grond is jy tans?
2. Watter deel van jou lewe dink jy het nog onkruid in?
3. En die moeilike een: Wie is die mense met wie jy moet gaan praat?

Kom ons gesels met mekaar en bid vir mekaar om te doen dit wat ons weet ons eintlik moet doen.

Mag God die Vader wat vir elkeen van Sy kinders lief is, ongeag of hulle gelowiges is of nie, Jesus Christus wat vir almal gesterf het, ongeag of hulle dit glo of nie, en die Heilige Gees wat in almal werk, of hulle Christene is of nie, met jou wees en saam met jou werk.

Amen